

OP DIE MARK*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0[†]

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

DORP TOE

Module 30

OP DIE MARK

Aktiwiteit 1

Om op gepaste vlak te lees en vrae daaroor te beantwoord [LU 3.5.1]

1 MARKDAG

(’n Stilleesaktiwiteit)

Lees die gedig op jou eie en beantwoord die vrae deur die regte antwoord te omring.

MARKDAG



Figure 1

Dis Saterdagmôre
en ’n hele affêre -
kraakvars kopkool,
piesangs, papajas,
tamaties en slaai
word kiste-vol
by die mark
afgelaai.
Daar’s ook druiwe
uit die Boland,

*Version 1.1: Jun 28, 2009 6:05 pm +0000

[†]<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

waatlemoen,
spanspekke uit Transvaal:
alles kry jy goedkoop
as jy kontant
by die
stalletjies betaal.

Met alkant gestoot
en beduie, beduie
en baie gepraat
oor die prys

word een ding gekoop
en 'n ander gelaat.

Maar so deur die gedoente
word die kopers se mandjies
propvol vrugte en groente.

Ja, Saterdagmôre
is 'n hele affêre

as die kopers hul geld
so kom omruil-bêre.

Deur: A. J. Visser Uit: *Hier Kiep-Kiep en Hiep-hiep daar* (Tafelberg)
VRAE

(a) Die vrugtesoort wat vanuit die Boland kom, is

- piesangs
- druiwe
- waatlemoene

(b) Die groente word by die mark afgelaai in

- kiste
- mandjies
- sakke

(c) Die kopers laai die vrugte en groente in

- kiste
- mandjies
- sakke
- trollies

(d) Wat noem ons die plek waar net groente en vrugte gekoop word ?

- winkel
- kafee
- mark

(e) As jy kontant vir die produkte betaal, kry jy

- meer
- beter diens
- dit goedkoper

(f) Die verkopers verkoop hul produkte by 'n

- stalletjie
- kis
- tafel

(g) **Markdag is op 'n**

- Sondag
- Saterdag
- Maandag

(h) Spanspek kom uit die

- Kaap
- Transvaal
- Boland

(i) Daar word baie gepraat oor

- die mense
- die vrugte
- die prys

(j) Die kopkool is

- neutvars
- kraakvars
- perdfrys

Assessering

1.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

1.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.5 vir genot en inligting lees:

3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak lees.

Memorandum

Aktiwiteit 1

- (a) druiwe
- (b) kiste
- (c) mandjies
- (d) mark
- (e) dit goedkoper
- (f) stalletjie
- (g) Saterdag
- (h) Transvaal
- (i) die prys
- (j) kraakvars